

7 Januarie

Skrifgedeelte: Rut 1

Fokusgedeelte: Rut 1:16 en 17

Die HERE gee veel, veel meer as aardse brood!

Hoe ironies: Elimeleg (sy naam beteken: my God is Koning) trek weg uit Betlehem-Juda, die landgebied waar bely is dat God Koning was, na Moab, waar die heidense Moabiete gewoon het. En dit as gevolg van broodsgebrek en hongersnood.

Die implikasie van sy wegtrek was dat hy uitkoms gaan soek het by die heidense Moabiete, en hulle afgode. So aangenaam en vervullend vind hy sy lewe daar dat hy selfs sy twee seuns met heidense vroue laat trou! Wanneer hy en sy seuns dan in die heidense land Moab sterf, besef die weduwee Naomi dat daar net een uitweg is: terug na die HERE! Hoewel beide haar skoondogters haar wou vergesel terug na Betlehem-Juda, was dit net Rut wat uiteindelik saam met haar in Betlehem-Juda aangekom het. (Die naam Betlehem beteken – ironies – huis van brood.)

Nou is die vraag: Waarom wou beide skoondogters saam teruggaan, en het Rut inderdaad ook vir Naomi vergesel? Die antwoord vind ons in die HERE se werk in en deur Naomi, soos ons uit vers 6 aflei. Sy het nie vergeet dat die HERE die ewige Koning is, en aan sy kinders, selfs deur hongersnood heen, veel, veel meer as aardse brood gee nie.

Rut se pragtige antwoord aan Naomi, verse 16 en 17, getuig daarvan dat Naomi met oortuiging haar geloof in die Lewende en Lewegewende God bely en uitgeleef het. Selfs ook in haar beproewing met die dood van haar man en seuns het sy aan die HERE bly vashou, en teenoor almal dit onbeskaamd uitgeleef. Rut het hierdie getuigenis gesien, gehoor, en haar uitspraak trek juis saam in die woorde: "... en u God is my God." Vir Naomi, en uiteindelik ook Rut, was die Brood van die Lewe, selfs onder die moeilikste omstandighede, belangriker as aardse "noodsaaklikhede."

En vir jou? Hoe leef jy, selfs in die swaarste en menslik gesproke onmoontlikste omstandighede, jou geloof in Jesus Christus, uit? Besef elkeen wat die HERE oor jou pad bring dat die Brood van die Lewe vir jou die deure van ewigdurende, groen weivelde en waters van rus oopgemaak het toe Hy die dood en die graf deurbreek het?

Sing: Psalm 23:1

Ds LSD du Plessis (Groblersdal)